University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006

**Hoofstuk 6**

# KRITIESE REFLEKSIE

## 1. DIE PROSES VAN NAVORSING

Om hierdie navorsing af te sluit wil ek kritiese refleksie beoefen oor die proses van navorsing.

Die gesprekke met die gespreksgenote het vir my gewys hoe belangrik dit is dat die navorser nie sy/haar eie temas en kategorieë op die gesprek moet afdwing nie. Indien ek dit gedoen het, sou van die belangrikste navorsingstemas nie so duidelik geformuleer na vore kon kom nie. My eie vraagstelling was oor die integrasie van teologie en pastorale terapie, maar die gespreksgenote het oor die tema van *vervreemding* van die etiek, dogmas en spiritualiteit van die breë geloofsgemeenskap gepraat. Hierdie het uiteindelik 'n leidende tema vir die grootste deel van die navorsing geword.

In die narratiewe benadering is die hoor van marginale verhale 'n belangrike tema. In hierdie navorsing het ek gevind dat die hoor van marginale verhale net soveel te doen het met die proses van navorsing as met die keuse van gespreksgenote. Die manier waarop die gesprekke gestruktureer word, die ruimte wat mens laat vir die vertel van stories in die taal en volgens die agenda van die gespreksgenoot is deurslaggewend vir die hoor van verhale wat nie normaalweg na vore sal kom nie. Die laag gestruktureerde gesprekke wat in hierdie navorsing gebruik is, het in 'n hoë mate ruimte gelaat vir die hoor van verhale.

Ek het verder gevind dat dit wesenlik belangrik om jou eie vrae en denkkategorieë duidelik te verstaan, anders word dit maklik 'n hindernis om die gespreksgenote se eiesoortige verhale te hoor. In die transkripsie van die navorsingsgesprekke het ek dikwels gevind dat ek nie die gespreksgenote se eiesoortige verhale genoegsaam gehoor het nie. Die proses van navorsing en die proses van terapie lê nader aan mekaar as wat ek aanvanklik gemeen het.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006



### *1.1 NAVORSINGSINTEGRITEIT*

My eie veronderstellings waarmee ek die navorsing begin het, was nog geskoei op die uitgangspunt dat navorsing met integriteit objektief moet wees en resultate moet lewer wat algemeen geldig is. My kennismaking met sosiale konstruksionisme en narratiewe navorsing het my egter met heeltemal nuwe oë laat kyk na wat dit beteken om met integriteit navorsing te doen. Narratiewe navorsing wat die gespreksgenoot se verhale, leefwêreld en verstaanskategorieë radikaal ernstig neem, is na my mening 'n benadering wat met veel net soveel integriteit gedoen kan word. In die gesprekke het ek oor en oor gevind dat mense uniek is en dat hulle verhale elkeen 'n eiesoortige karakter vertoon. Dit ontken nie dat daar ook algemeen menslike verhale is nie, maar die sterkpunt van narratiewe navorsing lê juis daarin dat dit mense se eiesoortigheid, hulle unieke konteks en kontingente verhale ernstig neem.

Dit was vir my duidelik dat die gesprekke wat ek met pastorale terapeute gehad het, gekleur is deur die navorsingsopset daarvan. Dit het my byvoorbeeld opgeval hoedat die trant van die gesprek verander van wanneer ons formeel besig is met die onderhoud na wanneer ons tee drink.

In die proses van navorsing was dit nie altyd vir my maklik om my vrae en belange genoegsaam te situeer in my eie verhaal nie. By tye het ek teruggeval daarop om die dominante verhale van die geloofsgemeenskap en die verhaal van my eie teologiese opleiding en formele vorming as die vanselfsprekende objektiewe waarheid aan te bied. Uiteindelik moet ek oor my navorsing sê dat dit die optekening van *hierdie* navorsing is, sonder aanspraak op universele of objektiewe geldigheid. Ek hoop dat iets van die universeel menslike wel in hierdie verhale vindbaar is.

### *1.2 DIE GESPREKSGENOTE*

Aan die begin van die navorsing was die keuse van die vyf gespreksgenote en wyse waarop die navorsingsgesprekke gevoer word, vir my 'n moeilike saak om in die praktyk uit te werk. Aan die einde van die navorsing wil ek hieroor enkele opmerkings maak:

- Vir narratiewe navorsing waarin daar klem gelê word op die gespreksgenote se eie verhale soos wat hulle dit vertel, was vyf gespreksgenote eintlik te veel. Uit die gesprekke het daar soveel temas na vore gekom dat dit die navorsing baie wyd gemaak het, wat weer 'n invloed gehad het op die diepte waarmee elke tema hanteer kon word.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


- Ek meen dat 'n geldige vraag oor hierdie navorsing sou wees of die groep gespreksgenote divers genoeg was. Indien gespreksgenote vanuit ander kultuurgroepe of van buite die hoofstroom denominasies ingesluit was by hierdie navorsing, sou waarskynlik meer marginale verhale na vore gekom het. Die vraag is egter of dit hanteerbaar sou wees binne die omvang van hierdie navorsing. Deur die loop van die navorsing het dit ook duidelik geword dat die verhale wat vertel is, ook baie te doen het met die wyse waarop die navorsingsgesprekke gestruktureer word en nie net met die gespreksgenote nie. Uiteindelik is ek tevrede dat die navorsing aan my eie verwagtings voldoen het ten opsigte van die verhale wat vertel is.
- Dit was ook belangrik dat ek die gespreksgenote reeds vooraf geken het. Dit het veroorsaak daar van meet af in die navorsingsgesprekke openheid en vertroue was.
- Die keuse van die gespreksgenote het uiteraard ook 'n ingrypende invloed gehad op die temas wat ter sprake gekom het. Dit maak dit weer eens duidelik dat hierdie navorsing kontingent en in bepaalde kontekste gesitueer is.

## *1.3 Temas*

Uit die teoretiese besinning oor narratiewe navorsing het na vore gekom dat dit eie is aan narratiewe navorsing dat die navorser nie vooraf weet waar die navorsing hom/haar gaan uitbring nie. Dit is iets wat ek terdeë beleef het in die voortgang van hierdie navorsingsprojek. My eie intensie met die begin van die navorsing was dat dit toegespits sal wees op die ontwikkeling van die persoon van die pastorale terapeut en die integrasie van teologie en psigoterapie. Die gesprekke met my gespreksgenote het my egter toenemend op paaie geneem wat ek nie verwag het nie, naamlik die vraag na geloof en pastorale terapie in 'n postmoderne tyd. Hierdie is 'n tema waaroor daar nog baie goed besin moet word in die kerk. Ek vermoed dat daar toenemend 'n kloof sal ontstaan tussen teoloë wat hulleself as postmodern beskou en die hoofstroom van die kerk waar 'n modernistiese of soms pre-moderne teologie domineer. Die vraag wat ek myself in hierdie verband vra is oor die effek van postmoderniteit op die kerk: in watter mate ontstaan daar ook 'n kloof tussen die spiritualiteit wat in die kerk domineer en 'n groot deel van die bevolking wat hulleself toenemend op postmoderne wyse verstaan. Die probleem is dat 'n beweging in die rigting van 'n meer postmoderne inrigting van die kerklike praktyk die lidmate wat tans die ruggraat van gemeentes uitmaak, kan vervreem, terwyl 'n onvermoë om tuis te kom in die postmoderne wêreld die kerk se vermoë om die taal van

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


buitekerklikes en randkerklikes te praat, belemmer. In die loop van hierdie navorsing het ek self dikwels beleef hoedat ek in twee werklikhede leef: die postmoderne wêreld van die navorsingsprojek en die pre-moderne, dikwels naïewe spiritualiteit wat by talle van my eie lidmate leef.

### 1.3.1 Temas wat nie aan die orde gekom het nie

Uit die aard van saak is navorsing soos hierdie van beperkte omvang. Die wyse van aanpak beteken dat bepaalde temas nie na vore kom nie en daarom nie hanteer is nie. Mens sou talle sulke temas kon noem wat goedskiks ook nagevors sou kon word, en wat belangrike insigte oor die pastoraal terapeutiese self na vore sou bring. Enkele sodanige temas wat nie in hierdie navorsing aan die orde gekom het nie, is die volgende:

- Die gespreksgenote het nie met my gepraat oor probleemverhale wat verband sou hou met hulle werklik persoonlike lewe, soos 'n negatiewe impak van hulle werk op hulle huwelike of die probleem van erotiese aangetrokkenheid wat soms plaasvind tussen terapeut en gespreksgenoot nie. Ek twyfel of sodanige probleemverhale in narratiewe navorsing wat op hierdie manier aangepak word, ter sprake sal kom.
- Hierdie navorsing het nie in diepte ingegaan op die wyse waarop die pastorale terapeut se eie verhale 'n direkte invloed het op dit wat in die terapeutiese gesprek gebeur nie. Hiervoor sou 'n heel ander navorsingsaanpak nodig wees.
- In die taalwêreld van terapie word die term "*gebruik van die self*" meestal gebruik om aan te dui dat die terapeut sy/haar eie verhale na vore bring in die terapeutiese gesprek. Hieroor is slegs kursories gehandel.
- Die hele vraagstuk van die impak van sogenaamde "onverwerkte" pynlike verhale en gebeure in die lewe van die pastorale terapeut op die terapeutiese gesprek, het nie na vore gekom nie. Ook nie die mate waarin hierdie "onverwerkte" sake dien as motivering vir spesialisasie in terapeutiese werk nie.
- Negatiewe ervarings in terapie en die impak daarvan op die terapeutiese self is nie aangedui as 'n probleemverhaal nie, en is dus nie geëksploreer nie.
- Die vraag oor die impak van kinderjare ervarings op die pastorale terapeut is nie hanteer nie.
- Uiteindelik moet ek sê dat hierdie navorsing baie minder gefokus het op die impak van *krisisse* op die pastoraal terapeutiese self. (*contra* Gerson (1996) se werkwyse

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006



wat op krisisse fokus.) Dit is in ooreenstemming met die aard van narratiewe terapie wat minder op die patologiese fokus en meer op die effek van meta-narratiewe op die selfnarratief.

- Hierdie navorsing het ook nie aandag gegee aan sogenaamde intrapsigiese faktore se impak op die pastoraal terapeutiese self nie. Die narratiewe benadering verset hom bewustelik teen 'n selfbeskouing wat die intrapsigiese tot die ware self verhef.

### *1.4 NAVORSING AS SOSIALE KONSTRUKSIONISME*

Hierdie navorsing was nie 'n solo-projek nie. Deur die loop van die navorsingsprojek het ek met tientalle mense in die veld gepraat en wat ek hier neergeskryf is die resultaat van 'n proses waarin talle mense meegewerk het. Die volgende persone en groepe het 'n groot invloed gehad op die konstruksie van die navorsingsverhaal soos dit in hierdie proefskrif neerslag vind:

- Die doktorale studiegroep waaraan ek vir vyf jaar behoort het. In die gesprekke om die tafel in hierdie groep is talle van hierdie idees bespreek en het dit beslag gekry.
- Die talle gesprekke met my studieleier, prof Julian Müller, het uiteraard my denke en idees gevorm. Die vrae wat hy gevra het en sy idees was baie belangrik in die konstruksie van die idees wat in hierdie proefskrif na vore kom.
- Die gesprekke met my gespreksgenote was 'n stuk mede-navorsing *(co-research)* waarin die waarhede deur gesprek na vore gekom het. My gespreksgenote was nie respondente wat net op my vrae geantwoord het nie, hulle was inderdaad gespreksgenote wat my baie van hulleself vertel het, maar wat my ook toegelaat het om vir hulle oor myself en my vrae te vertel. In hierdie gesprekke is my idees gevorm.
- Talle ander gesprekke met kollegas wat belangstellende "*outsider witnesses*" van hierdie navorsing was.
- Ek het ook talle gesprekke gehad met my vrou wat in hierdie selfde tyd 'n proefskrif geskryf het oor musiekonderrig en –standaarde in 'n postmoderne samelewing.

Al hierdie gesprekke het op een of ander manier 'n invloed gehad op hierdie navorsing. Terugskouend is dit vir my baie duidelik dat hierdie navorsing gesitueer is in my eie verhaal en die informerende verhoudings van my lewe.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006



Hiermee word nie gesê dat dit sinloos is om modelle vir integrasie uit te werk nie. In hierdie studie wat 'n narratiewe beskouing van die pastoraal terapeutiese self wil uitwerk, was dit egter nie die oogmerk nie.

## 3. KRITIESE OPMERKINGS OOR 'N NARRATIEWE BENADERING

Een van die sterkpunte van 'n narratiewe benadering tot terapie sowel as navorsing is die kritiese inslag daarvan. Die aansluiting by die teorie van Foucault dien as 'n teenvoeter daarvoor dat terapie of navorsing bedryf word los van die impak van die meta-narratiewe wat in die samelewing aan die werk is en wat dikwels 'n onderdrukkende en vervreemdende invloed uitoefen wat nie op die oppervlak lê nie. In my eie navorsing het hierdie kritiese vraagstelling my gedwing om nie bloot beskrywend en integrerend te werk te gaan nie, maar ook krities bevraagtekenend.

Aan die einde van hierdie navorsing lyk dit egter vir my of die skaal bietjie eensydig gelaai is ten gunste van die narratiewe benadering. Ek is van mening dat daar meer krities omgegaan moet word met die uitgangspunte wat ten grondslag lê van die narratiewe benadering. My belewenis is dat die narratiewe benadering, alhoewel dit postmodern wil werk, tog soms in absolutes praat, veral ten opsigte van die uitgangspunte daarvan. Dit geld ten opsigte van die siening van taal, die beskouing van die self en die betekenis van selfnarratiewe. Ek is van mening dat meer beskeie en voorlopige menings van pas sou wees. Die narratiewe benadering is immers ook maar 'n teorie in 'n bepaalde konteks.

'n Tweede kritiese opmerking gaan oor die waardes wat in die narratiewe benadering gerealiseer word. Ek is van mening dat meer kritiese refleksie vanuit die teologie nodig is oor hierdie waardes. 'n Kritiese vraag vanuit die gereformeerde teologie wat byvoorbeeld gevra moet word, is die vraag oor persoonlike verantwoordelikheid. Een van die dominante kenmerke van die gereformeerde etiek is die klem op die persoonlike verantwoordelikheid van die individu. Dit hang saam met die sondebeskouing wat in die tradisionele gereformeerde teologie aan die werk is, naamlik dat elke mens die neiging het tot sonde en dat hierdie sonde op die persoonlike rekening van die individu kom (Vergelyk die Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 8-11 (Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1988:189). In die narratiewe benadering word die klem myns insiens

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


Tog moet ek sê dat ek nie voldoende daarin geslaag het om die beginsel van sosiaal-konstruksionistiese navorsing enduit te volg nie. Die ideaal sou wees om ook in die konstruksie van nuwe verhale, die gespreksgenote ten volle te betrek. Ek het wel vir hulle uitgevra oor wat hulle as beter verhale vir sommige van die probleemverhale sou beskou, maar weens die omvang wat hierdie navorsing begin aanneem het, het ek hulle nie ten volle betrek in die konstruksie van voorkeurverhale nie.

## 2. INTEGRASIE EN INTEGRITEIT

Die eerste vraag waarmee ek die navorsing begin het, was dié oor integrasie en integriteit. Hierdie navorsing het my met nuwe oë laat kyk na die vraag oor integrasie en pastorale integriteit. My aanvanklike idee was dat daar 'n teoretiese integrasie moet plaasvind wat algemene geldigheid sal hê vir alle pastorale terapeute, of ten minste dan diegene wat met 'n narratiewe benadering werk. Die kennismaking met Michael White se idees van dik en ryk beskrywings van die self en hoe dit van toepassing kan wees op die persoon van die terapeut, het vir my nuwe perspektief laat kry op die manier waarop integrasie in die praktyk werk, dat dit 'n hoogs eiesoortige proses is waarin die terapeut se persoonlike en professionele verhale saam bydra tot 'n dikker en ryker beskrywing van die terapeutiese self.

Die idee van dominante verhale en die belangrike rol wat dit speel in die konstruksie van die self, was vir my 'n belangrike insig. Hierdie navorsing het my gehelp om dit wat ek in teorie oor die self in 'n narratiewe benadering ontdek het, in my eie selfnarratiewe raak te sien en te konkretiseer. Ek het ontdek dat my eie pastorale self deur baie verhale geïnformeer word, en dat die Christelike geloofsverhaal inderdaad daarin 'n groter rol speel as wat ek altyd self raakgesien het.

Dit is belangrik om hierdie verband te vra of dit nie 'n sagte uitkoms vir 'n moeilike vraag is nie, of dit nie 'n manier is om te ontvlug van die vraag of ek getrou is aan my pastorale identiteit nie? Is dit nie 'n manier om te ontvlug van die harde teoretiese besinning oor 'n *model* waarop die geloofsdimensie in die konstruering van die pastoraal terapeutiese self geïntegreer behoort te word nie? Aan die einde van die hierdie navorsing kan ek sê dat ek nie meer so dink nie. Die narratiewe benadering se selfbeskouing is juis 'n wegbeweeg van die idee dat die self volgens een of ander model gekonstrueer kan word, dit is 'n erkenning van die unieke en kontingente van elke self en elke konstruksie van selfnarratiewe.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


eensydig gelê op die effek van meta-narratiewe op die individu, en te min op die persoonlike verantwoordelikheid van die gespreksgenoot ten opsigte van sy/haar eie lewe.

## 4. DIE NOODSAAK VAN PASTORALE TERAPIE AS BEDIENING VAN GEMEENTELERAARS

In die loop van hierdie navorsing het ek te doen gekry met baie opinies of terapeutiese werk inpas by die generiese werk van gemeenteleraars. Argumente wat geopper word téén hierdie praktyk is byvoorbeeld dat dominees nie goed genoeg opgelei is nie, dat hulle nie genoeg tyd het nie of dat die dubbele verhoudings met gemeentelede langtermyn terapeutiese werk ongewens maak. Hieroor is ekself eerder van mening, en nog meer so ná hierdie navorsing, dat pastoraal terapeutiese werk 'n onmisbare deel van 'n gemeenteleraar se generiese werk is. Pastors in gemeentebediening is nie sonder rede die mees algemene eerste lyn van hulpverlening wat mense in nood opsoek nie (Power, 1990; Holling, 1990; Estadt, 1991b). By refleksie oor hierdie navorsing is die indruk wat ek het dat pastors by uitstek - uit hoofde van hulle amp, hulle sigbaarheid, hulle waardestelsels, hulle toeganklikheid en die feit dat hulle nie fooie hoef te vra vir hulle diens nie - geskik is en beskikbaar moet wees om mense in hulle nood by te staan en te begelei. Die narratiewe benadering, wat nie patologiserend werk nie, bied aan pastors 'n benadering tot hulpverlening wat pas by die etiek van die pastoraat.

## 5. DIE IMPAK VAN HIERDIE NAVORSING OP MY EIE BESKOUINGS

In die loop van hierdie navorsing het my gedagtes oor die pastoraal terapeutiese self drasties geskuif. Aan die begin van die proses het ek gedink dat die navorsing hoofsaaklik sal handel oor die individu, die persoon van die pastorale terapeut. Die narratiewe benadering met sy postmoderne siening van die self het egter geleidelik vir my uitgewys dat dit nie langer sinvol is om op die individu en die prosesse in sy/haar gedagtes te fokus nie, maar dat die pastorale terapeut verstaan moet word in die konteks waarbinne hy/sy werk en leef, en die verhoudings waarbinne pastorale terapie beoefen word. Die belangrikste skuif wat ek self in my denke ondergaan het, was om pastorale terapie minder te sien as 'n een tot een gebeure, en dit al meer te begin verstaan as iets wat plaasvind in die

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


konteks van die geloofsgemeenskap. Die perspektiewe op pastorale sorg van outeurs soos SteinhoffSmith (1999), Bridger en Atkinson (1998) en Patton (1993) sowel as die gesprekke met veral gespreksgenoot 3 het my gehelp om los te kom van die individualistiese beelde van pastorale sorg en terapie wat uit psigoterapie gevoed word. Ek glo dat daar voortgaande gesprek moet wees oor die her-kontekstualisering van pastorale terapie in die geloofsgemeenskap. My eie ideaalbeeld van die pastorale terapeut as iemand wat in isolasie met individue werk met die oog op die heling en versterking van die individu, het dan ook geskuif. Ek sien die pastorale terapeut en pastoraal terapeutiese werk al duideliker gesitueer in die geloofsgemeenskap, in 'n netwerk van informerende verhoudings.

## 6. DIE GRENSE VAN SOSIALE KONSTRUKSIONISME

Pocock (1995b, 1999) en Freeman (1993) bevraagteken bepaalde aspekte van sosiale konstruksionisme omdat dit nie voldoende ruimte laat vir die refererende funksie van taal nie. Taal konstrueer wel die werklikheid, maar dit is nie al nie. Taal refereer ook na 'n werklikheid buite die taalwerklikheid. Al kan ons nie objektiewe uitsprake maak oor hierdie werklikheid nie, is dit tog ook sinloos om te sê dat die werklikheid buite onkenbaar is of dat ons niks daaroor kan sê nie behalwe dat ons daaraan vorm gee deur taal. LaMothe (1999:263) pas hierdie kritiek toe op die vraag oor God. Uiteindelik moet enige konsekwente postmodernis en sosiale konstruksionis sê dat God niks anders as 'n sosiale konstruksie is nie. Ek is van mening dat dit nodig is om beter na te dink oor die refererende funksie van taal. Daar is nie slegs taalkonstruksies oor God, oor die self en oor waardes nie. Geloof beteken dat ons bely dat God buite ons taalkonstruksies oor God bestaan en dat ons taalkonstruksies iets sê oor hierdie God wat bestaan. Geloof in die openbaring van God beteken dat ons ook bely dat God homself bekend maak en dat ons Hom kan ken, al kan ons nie objektiewe en universeel geldige uitsprake oor God maak nie. Ek is van mening dat sosiale konstruksionisme op sigself 'n reduksie inhou van taal en die werklikheid. Die werklikheid bestaan nie net in taal nie, en taal konstrueer nie bloot werklikhede nie. Daar is ook 'n werklikheid buite taal en taal refereer na hierdie werklikheid.

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


# 7. DIE ONTWIKKELING VAN NUWE VERHALE

Die omvang van die probleemstelling het dit nie moontlik gemaak dat oor al die probleemverhale volledige storie-ontwikkeling gedoen kon word nie. Oor sekere probleemverhale soos oor nuwe moontlikhede vir die hantering van etiese vraagstukke is meer volledige storie-ontwikkeling gedoen, ander soos oor die amp en prediking is meer kursories hanteer. Die omvang van hierdie studie het dit gewoon onmoontlik gemaak om volledige aan elke probleemverhaal aandag te gee. Ek hoop egter dat hierdie studie verdere gesprek en navorsing sal stimuleer.

Temas wat na my mening goed ontwikkel is, is die volgende:

- Die wyse waarop die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne werklikheid gekonstrueer kan word om beter aan die eise van 'n postmoderne samelewing te voldoen.
- Integrasie en integriteit in 'n narratiewe selfbeskouing. Die narratiewe benadering bied vir myself 'n nuwe moontlikheid om my pastorale identiteit toe te eien.
- Die ontwikkeling van nuwe moontlikhede vir die hantering van etiese kwessies.
- Die ontwikkeling van dikker en ryker selfbeskrywings.p
- Nuwe moontlikhede vir die hantering van spanning met die meta-narratiewe van die geloofsgemeenskap.

# 8. VERDERE NAVORSING

Die volgende is sake waaroor verdere gesprek en navorsing nodig is. Sommige van hierdie temas is reeds aangedui.

- Die wyse waarop narratiewe pastorale terapie beter in die geloofsgemeenskap gesitueer kan word.
- Nuwe moontlikhede vir die hantering van gespreksgenote se verwagtings van wat die pastorale terapeut behoort te doen.
- Wat glad nie in hierdie navorsing ter sprake gekom het nie, is maniere om die effektiwiteit van pastorale terapie en die rol van die terapeutiese self daarin, te bepaal. Dit is 'n probleem van pastorale terapie in die algemeen (Peck, 1985:2) en

University of Pretoria etd-Bosman, L L 2006


ook ten opsigte van narratiewe terapie (Etchison & Kleist, 2000) dat daar nie voldoende uitkomsstudies is wat die effektiwiteit daarvan bepaal nie. Hieroor is meer navorsing nodig.

- Verdere kritiese gesprek tussen die teologie en narratiewe psigoterapie oor die waardes wat in die narratiewe benadering funksioneer.

Ek hoop dat hierdie navorsing wel 'n bydrae sal maak tot voortgaande gesprek oor die pastoraal terapeutiese self.